## VAN STAMVERWANTE BODEM

*Ons Erfdeel* is 'n kulturele tydskrif, uitgegee deur die gelyknamige stigting, wat inligting verstrek oor die literatuur, die beeldende kunste; bydraes bevat oor die geskiedenis, die kultuur- en taalbeleid en menigvuldige onderwerpe van uiteenlopende aard wat almal van belang is vir die kennis van die Vlaamse en Nederlandse aktiwiteite op hierdie gebiede. Binnekort sal die eerste aflewering van hierdie gesaghebbende tydskrif se 15e jaargang verskyn. Die huidige oplaag van *Ons Erfdeel* is 11 000 en die hoofredakteur (Jozef Deleu, Rekkem, Wes-Vlaandere) het nou besluit om die tydskrif vyf in plaas van vier keer per jaar te laat verskyn. Die sukses wat deur mnr. Deleu en sy medewerkers bereik is, is ongetwyfeld 'n gelukwensing werd.

Die beroemde Nederlandse skilder van gebrandskilderde vensters, Joep Nicolas (74), is tans besig om sy laaste van 'n reeks van 25 vensters met Bybelse voorstellings, bedoel vir die *Oude Kerk* in Delft, af te rond, aldus 'n berig in *Elsevier* van 29.1.1972. Die kunstenaar, wat deur sy kunswerke roem in twee wêrelddele verwerf het, het nou besluit om sy skeppende werksaamhede af te sluit. Van 1939-1955 het hy in die Verenigde State gewoon en gewerk.

In die tydskrif *Plural Societies* (someruitgawe 1971) het prof. Guiseppe UgoPapi. van Italië, die bydrae „Multinational conomy's development" (pp. 336) gepubliseer en, met betrekking tot die R.S.A., o.m. verklaar: „The roads to development are many times just as often incredible as conditions in which development must sometimes take place. Our theory is amply confirmed by the example of South Africa. In sharp contrast to certain democracies of western Europe progressively pushed towards collectivism and communism, the experience of some new countries, like South Africa, evidences the importance of the preliminary stages in the development of any country, nation, community. It evidences the necessity of creating external economies indespensable for a regular process of economic development" (p. 36). Die tydskrif word versprei deur *The Foundation for the study of Plural Societies,* posbus 3566, Den Haag, Nederland. Die bydraes is o.m. in Engels en Spaans opgestel.

Reeds geruime tyd verskyn in België, onder die titel *Het Belgisch Muziekleven,* die voorligtingsblad van die Belgiese musieklewe, gepubliseer deur die Nasionale Musiekraad, Wolstraat 5, Bussel. Onder die opskrif „Algemene documentatie" word aandag aan verskillende onderwerp uit die geskiedenis van die musiek in België gewy.

In *Ons Amsterdam* (jg. 23, nr. 11, Nov. 1971) het W. Troost 'n bydrae aan die bekende argitek Hendrik de Keyser se werksaamhede as versierder van skepe (houtsnywerk) gewy. Hy bring hierdie werksaamhede in verband met die opdrag van admiraal-generaal prins Maurits aan die Amsterdamse admiraliteit (1599) om 'n oorlogskip van 1 000 ton, later bekend as „De Hollandtsche Thuyn", te laat bou.

In die reeds genoemde tydskrif *Plural Societies* (herfs 1971), bespreek dr. T. J. Seres, van die Witwatersrandse Universiteit, die socio-ekonomiese profiel van die Amerikaanse Neger en kom, aan die slot van sy studie, tot 'n vergelyking met die Bantoe.

In *Neerlandia,* die orgaan van die Algemeen Nederlands Verbond (jg. 75, nr. 5) is o.m. vermeld dat te Werwik, Wes-Vlaandere, 'n gedenkteken opgerig is ter herinnering aan die jongste seun van stadhouer Willem V (prins Willem George Frederik) wat daar in 1793, tydens 'n veldslag teen die Franse leërs, gewond is. In dieselfde aflewering verskyn die eerste van 'n reeks bydraes oor die rol wat die Nederlanders in die verlede in Frankryk gespeel het (G. van Vliet).

Dit is algemeen bekend dat die „Onze Lieve Vrouwekerk", Antwerpen, wat sy bouwyse betref, sowel in- as uitwendig van die klassieke gotiese argitektuur, soos beoefen is in Frankryk, afwyk. In die tydskrif *Antwerpen* (jg. 17, nr. 4; Suikerrui 19, Antwerpen), kom dr. Omer Pauwels tot die gevolgtrekking dat hierdie afwyking tot besondere vereistes teruggevoer kan word waaraan die oorspronklike boumeesters moes voldoen. J. G. Berkhout bespreek, in die „Bulletin van het Rijksmuseum" jg. 19, afl. 2, 1971), die neo-gotiese meubels in die Rijksmuseum (Amsterdam). Hierdie stylbeweging, wat in die 18e eeu in Engeland ontstaan het, het op die gebied van die vervaardiging van meubels, kort na 1800 na Nederland oorgeslaan. In die artikel word o.m. twee trone, afkomstig van koning Willem II en sy gade, bespreek. Stoele, in dieselfde styl deur die Horrix-broers (Den Haag) vervaardig, is in dieselfde bydrae afgebeeld en bespreek.

In die amptelike Belgiese publikasie „Repertorium van Belgische Films" (1968), kom 'n aantal sogenaamde argiefrolprente voor wat 'n sterk geskiedkundige en kulturele inslag vertoon. In „Adel van het hout" word voorbeelde van die houtsnykuns van die Middeleeue tot die Renaissance behandel. Dan is daar „Beelden uit het Belgisch Verleden", „Brugge", „Grote Markt van Brussel" en „Keizer Karel" (1500-1558). Hierdie publikasie, wat ongetwyfeld waardevol vir onderwysdoeleindes is, is uitgegee deur die Belgiese Ministerie van Buitelandse Sake en -Handel, Brussel.

In „Nachbarn" nr. 14, wat onder die titel *Die Niederlande und der Unterweserraum* deur dr. Burchard Scheper, van Bremerhaven, saamgestel is, word o.m. die betrekkinge tussen Nederland en laasgenoemde gebied tydens en na die Middeleeue behandel. Friese het die Geuse bygestaan en in die loop van die 17e sowel as die 18e eeu het die hele Noord-Duitsland onder die invloed van die ekonomiese en kulturele uitbreidingsdrang van die Nederlandse republiek gestaan (p.13)). Aan hierdie tydperk herinner o.m. uiteenlopende voorwerpe in boerewonings in Noord-Duitsland, die beroemde Delfse blou, Nederlands as kanseltaal in die 17e eeu en daarna, die trek van seisoenwerkers en ander na die Nederlande en, in die 19e eeu, die aandeel van die Amsterdamse ingenieur-waterboukundige, Jacobus Johannes van Ronzelen, die skepper van die hawewerke van Bremerhaven (in Duitse diens). Omgekeerd was daar ook sprake van beïnvloeding deur verteenwoordigers van die Wesergebied wat na Nederland getrek het. Hierdie studie is 'n belangrike bydrae met betrekking tot die verlede van die Nederlands-Duitse grensgebied, waaruit ook 'n aantal van die huidige Suid-Afrikaanse stamouers afkomstig is.

Ten slotte word die verskyning van die tweede en derde deel van Jaap ter Haar se *Geskiedenis van de Lage Landen,* deel III (Tagtigjarige Oorlog-Patriottetyd), deel IV 1795—20e eeu), 'n uitgawe van die uitgewers *Fibula-Van Bishoeck,* Bussum, Nederland, aangekondig. In 'n vorige bespreking is reeds die belangrikste kenmerke van hierdie werk genoem. Ook in begenoemde dele tref die moderne benadering van die onderwerpe, die pragtige afbeeldings en die strewe na vernuwing ten opsigte van die teksbehandeling en die aankweek en prikkel van die belangstelling by die leser. Dikwels word geslaagde pogings aangewend om die verlede in woord en beeld te laat herleef. So 'n benadering sal die liefde vir die verlede ongetwyfeld versterk. Deel III word, met betrekking tot die gemeenskaplike faktore en die staatkundige, godsdienstige en ander bande tussen ons land en die Nederlandse Republiek in die genoemde tydperk, ten sterkste aanbeveel. Hierdie tydperk is gemeenskaplike besit en verdien aandag en belangstelling, veral wanneer die aanbieding voortreflik is.

Jan Ploeger.